**17 April**

**Skrifgedeelte: Daniël 6:1-13**
**Fokusgedeelte: Daniël 6:11, 12 (1983)**

**In gebed in dié ou wêreld ... ondanks wat ook al!**

Nebukadnesar en Babel en die verowerde Jerusalemstad. Die Godsvolk en die Daniëlmens. Ver verwyder van alles wat dierbaar en kosbaar is. Vreemd en verleë. Ontwortel en aan die opdrag van die oorwinnaar onderworpe. Vreemde land, vreemde mense, vreemde omstandighede. Jerusalem, die Godstad, bloot 'n gedagte. God se volk wat oortree het, van Hom vergeet het en nou ver en verlate.

En in die vreemdelingsland loop en werk en leef Daniël. Nietig mens en volkome gebroke. Verslae en verleë in vreemde omstandighede. Maar doelgerig en roepingsbewus besig. Minister in die kabinet van koning Darius. Daniël blink uit! Hy bewys homself as buitengewoon bekwaam. Hy dien voluit waar hy geroep is. Die administrasie van die Mediërkoning word met keur behartig. Darius bedink dit om Daniël 'n top posisie in die regeringsadministrasie aan te bied. Daniël ... om in die vreemde land voor te loop. En die vreemde land se amptenare is jaloers. Daarom hulle meesterplan. Die koninklike dekreet: Aanbid vir Darius. Erken hom en aanbid hom. So word die wet van die Mediërs en Perse uitgevaardig.

Darius teken die wet. Daniël weier om gehoorsaam te wees. Darius se steunpilaar weier die aanbiddingswet. Alhoewel ontwortel en ontwrig, maar tog buitengewoon in die administrasie van die koning, is Daniël geen kneg van Darius nie, maar kneg van die lewende Here. Gebonde en gebind. Gebedskamer in sy bokamer. Woorde en sinne wat die Daniëlmens bind aan Hom wat alleen aanbiddelik is. Niks en niemand ontwrig hom nie. Daniël se gebedsgewoonte gaan voort. Taal van sy mond en hart. Openlik voor God ongeag omstandighede. Gebind aan God en daarom ontdaan van mensewet en gebod.

Daniël die mens. Sy omstandighede en die dag en dae waarin ons lewe. In stille nadenke te besef dat daar ooreenkomste is. Vreemd en anders. En tog in land en staatsadministrasie uit te blink. My taak en getuienis. Getrou en bedagsaam, maar gereeld in gebed ... in kantoor en kamer. Soos Daniël, ongeag die gevolge te kan bid.

En die leeukuil? Juis op Goeie Vrydag te onthou dat daar 'n grafkuil was. Vir Hom, wanneer alles menslik gesproke in mensewette en bepalings"vasloop", die kruis sy bidplek te maak ... Kruiswoorde as gebedswoorde. Woorde van oorwinning. Daniël bid, en ek bid en Jesus bid. En ek mag lewe!

*Sing: Psalm 2:6 (1936)*

*Dr. PH (Pieter) Heystek (Pretoria-Montanapoort)*